

Een vir Azazel gaan baie tonge aan roer sit

SKITTERENDE VERVOLG OP DIE SILBERSTEINS

EEN VIR AZAZEL, Etienne

Leroux se jongste werk so kort op die hakke van **Sewe Dae by die Silbersteins**, is 'n bedrieglike boek. Oppervlakkig lyk dit na 'n speurverhaal, maar dan moet dadelik bygevoeg word: 'n parodie op die speurverhaal as soort.

'n Jong meisie kom op Welgevonden, die landgoed van Jock Silberstein, aan haar einde. Is dit moord, en wie is skuldig? Speurder-sersant Demosthenes H. de Goede, stom (let op sy naam!) maar atleties, word met die ondersoek belas. Die boek beweeg met die sewe stasies van die Quintiliaanse bewysleer langs: dié betreffende die persoon, die feit, die plek, die middele, die motief, die manier en die tyd. (Aan hierdie sewe elemente dank die boek sy Latynse hoofstukname).

Dis 'n heerlike parodie, bv. met sy aan die lyntjie hou van leser en speurder (die leser veral oor die speurder), sy tergend langsame Odussee by al die figure en groepe op Welgevonden langs (dertien hoofstukke oor hierdie „Wie?”-aspek!), die wyse waarop die speurder (Henry - van - die - Silbersteins - in parodie) sommige van die uitdruklik genoemde fases oorslaan (die belangrike eerste drie hoofstukke), ens.

Hierdie parodie moet besef word, anders kan bv. die aanhoudende gesels van dr. Johns dalk verveel — en die dokter se ondempbaarheid is hier nog veel meer funksioneel as in die Silbersteins omdat hy terselfdertyd moet dien as spreekbuis vir die stom(me) speurder.

uiterlike masker

Maar hierdie aspek is maar die uiterlike masker van die verhaal. Agter die masker sit daar iets anders. (Die motief van die maskers en die geweld van die waters deur hulle stroom, wat 'n deurlopende simbool in die boek is, is dan ook hoog sinvol.) Hierdie gesig agter die masker hou verband met die mens se fundamentele behoefte aan 'n sondebok, iets oerouds wat by verskillende volke in 'n ritueel vasgelê is (bv. by Israel). Dis dan ook opvallend dat die boek juis na hierdie aspek benoem is, nie na die oppervlakkiger speurverhaal-aspek

nie. Die motto onderstreep dit nog: net soos die Israelitiese sondebok van ouds die woestyn ingestuur is vir Asasel die bese (vgl. Levitikus 16), „is die tragiese figuur van ons tyd miskien dié een wat die skuld op hom trek om ons haat of verdriet vir onself geldig te maak” (bl. 91). Die sondebok verteenwoordig die mens se behoefte aan „reiniging” in al sy fasette.

Maar net soos die speurverhaaltema, word ook hierdie dieperliggende een geparodieer. Ons het hier o.m. 'n parodie op Jung en Neumann se gedagtes oor die held en sy beskerming van die gemeenskap teen die bese aanslae van „buite.” Maar in sy parodiëring groei dit uit tot iets ysluks — ons beleef immers die lyflike steniging van die reusesoon van Henry en die vroeggestorwe Salome deur 'n skare wat vergader is vir die toekenning van 'n eregraad aan Henry en Jock. 'n Mens moet jou oë uitvee om te kyk of jy reg lees wat daar in die twee slothoofstukke plaasvind — en om te besef hoe waarskynlik dié tipe ding selfs in ons hoogs moderne tyd is.

twee temas

Twee temas dus, elkeen nog verdubbel deur die paradiese aspek waaronder hulle aangedien is. En dis nog maar 'n deel van die bedrieglike veelkantigheid van die boek onder sy eenvoudige oppervlak. 'n Mens kry die indruk dat jy te doen het met 'n beeld soos dit gespieël word in die oë van 'n insek — met talle kaatsings en weerkaatsings, sienings van eerselfde gegewe vanuit 'n verskeidenheid van hoeke; met dinge wat onversoenuik lyk maar wat by nadere toekyk alleen maar verskillende spieëlbeeldkante van mekaar is. Hierin is die boek 'n hoogtepunt in die ontwikkeling van Leroux se vermoë tot prismatiese beelding.

Maar dit sal nie Leroux wees as die verskillende vlakke uitmekaar gehou word nie. Die twee fundamentele vlakke is intiem ingespeel op mekaar. Wat is die speurverhaal as genre immers anders as die bleek nawater van 'n eens herofese tyd waarin held

en bedreiger („sondebok”) die ver naamste bestanddele was? In die lotgevalle van speurder en misdadiger moet die moderne mens vandag die oerspanning van sy gees afreageer. Vandaar die groot verslaafdheid daaraan.

nuwe inhoud

En hierin is die verhaal weer verweef met 'n ander belangrike tema van die boek: dié van die verstarring van die eertyds-lewende tot iets konvensioneel en maskeragtig, en die gepaardgaande behoefte aan 'n nuwe inhoud of mite (gesimboliseer deur die voorwerp wat in die lug waargeneem word, en weer tipies: deur elke individu of groep in ooreenstemming met sy eie behoefte gesien: 'n voël, 'n visioen, wat nie al nie). Onder sy oënskynlik los struktuur is daar veel meer samehang en ingespeeldheid as wat 'n mens oppervlakkig sou vermoed. Alleen dit al sou uitlok tot 'n herhaalde lees van die boek. Ons is baie duidelik verby die periode waarin 'n Afrikaanse boek in een lees opgebruik is.

Maar hy lok ook tot vergelyking uit: met **Sewe dae by die Silbersteins**, waarvan dit die vervolg is. Dis moeilik om die twee boeke te vergelyk, verskillend soos hulle is in hul stellingname teenoor dieselfde stof, alleen deur 'n tydperk van agttien jaar van mekaar geskei. Die Silbersteins was, by alle satire, 'n ernstige boek, **Een vir Azazel** is 'n parodie, sy dit 'n ontstellende.

kleiner elemente

Hierdie verskillende toonaard en plek op die skaalbalk bepaal die gehele struktuur en bewegingsaard van die twee boeke. **Azazel** het nie die streng struktuur van die Silbersteins nie (’n sewedagige gevoegdheid tot sluitende week), sy beweging is, in ooreenstemming met sy parodie-aard, veel meer los, ontspanne, rondloperig. Maar daarvoor vergoed hy weer deur die briljante wyse waarop die aparte dinge binne sy los voortgang aan mekaar ontspring.

Daar is die heerlikste saamhorigheid van die kleiner elemente wat mekaar een ná die ander opvolg. Daar is geen spronge of desperaat-hede in die boek nie, hoewel dit



ETIENNE LEROUX

soms daarna lyk; daar is alleen 'n organiese ontvont van een ding aan 'n ander: paragraaf wat met paragraaf 'n gesprek voer, hoofstuk met hoofstuk, in talle en talle gevalle selfs sin met sin — vanaf die vself-gebeur van dinge (bv. die wyse waarop die lig die maskers kleur of die intensiteit waarmee die waters deur hulle stroom tot aan die toevallig-opsetlike waarmee „die Meturgeman”, dr. Johns, woord en situasie telkens by mekaar laat uitkom. Dis maklik die subtile prosawerk wat ons in Afrikaans het.

Boekbespreking

In meer as een opsig (maar nie almal nie) is dit dan ook Leroux se briljantste werk tot op datum. Hy het 'n blykbaar onbeperkte mag oor sy stof verkry, kan 'n verhaal laat wend en keer soos hy wil sonder om aan die geloofwaardigheid van dinge afbreuk te laat doen; hy het aanmerklik gevorder op die pad van stylvariëring en het hierin op Brink ingehaai; hy beskik klaarblyklik oor 'n magdom van studiemateriaal wat hy met die grootste gemak, sinvolheid en nuwe interpretasie op die juiste plekke in die stroom inlaat, en die satiriese vermoë het teen hierdie tyd 'n skitterende glans en skerpte bereik. Dit kan klaarblyklik nie meer lank duur voordat hy sy hand waag aan 'n satiriese werk met 'n hefter, sluitender struktuur as *Een vir Azazel* nie.

skerper stigma

Daar is ook besware wat 'n mens kan inbring teen die boek. 'n Mens kan jouself afvra of 'n boek nie ook verloor as hy so swaar aanleun teen 'n vorige nie (soos dit in 'n mindere mate ook met sommige van sy vorige boeke die geval was); of dit 'n neiging is wat toegelaat moet word om te ontwikkel (boeiend soos wat dit is), en of dit nie dalk artistiek sinvoller kan wees om 'n totaal nuwe stel situasies en figure te laat uitkristalliseer om 'n kern nie (al sou dit een wees wat uit 'n vorige boek stam — en hoeveel bruikbare kerne is daar nie in hierdie boek nie!)

In sy parodie en satire moet Leroux ook waak teen baldadigheid. Ek dink hy veroorloof hom te veel vryhede met 'n aantal van sy karakters (bv. die pastoor, die familie van die oorledene, selfs die speurder).

Dit laat hulle inboet aan aanneemlikheid (al waarsku hy hoe volhardend in vooraf-aantekeninge dat die karakters „denkbeeldig” is.) Ek weet ook nie of al die situasies en insidente streng funksioneel is vir die verhaal nie (ek plaas bv. 'n aarselende vraagteken agter die episode met mev. Silberstein in hoofstuk 4 van „Quis?”), hoeseer 'n mens ook al die gevoel het dat elke woord in hierdie boek bedoeld, d.w.s. bedag is.

Wat egter pynlik is, ook om dit opnuut te vermeld is die onversorgdhede in die taalgebruik. Ek vrees hierdie boek het die stigma verskerp van Leroux as slordige taalgebruiker. Sy talent verdien beslis iets beters as wat dit hier toegemeet word. Hierdie aspek moet 'n slag deeglik ter hande geneem word, aan die skryftafel of in die redaksiekantoor of waar dan ook. 'n Skrywer wat die Afrikaanse taal in hierdie jare so klaarblyklik verryk en verfyn, kan dit nie bekostig dat van die elementêre taalfoute en lomp-hede op sy naam staan nie.

Een vir Azazel gaan weer baie tonge aan die roer sit. Maar in sy soort is hy skitterend — skitterend tot in die verbysterende toe.

F. I. J. VAN RENSBURG.

Een vir Azazel deur Etienne Leroux; Human en Rousseau, Kaapstad, 1964; 168 bladsye.